

# GEODITEERDE GROEPRESULTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2010

## HOOFTREKKE

• Wins uit kernbedrywighede	120%	↑
• Wesensverdienste	131%	↑
• Wesensverdienste per aandeel	62%	↑
• Voorgestelde eerste uitkering per aandeel	7,5 sent	↑

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Groep	
	Geouditeer 2010 R'000	Geouditeer 2009 R'000
<b>Voortgesette bedrywighede</b>		
Inkomste	1 356 331	519 867
Ander inkomste	23 425	8 325
Netto finansierings(koste)/inkomste	(2 350)	8 097
Finansieringsinkomste	20 251	17 794
Finansieringskoste	(22 601)	(9 697)
Administrasiekoste, amortisasie en ander kostes	(1 300 045)	(478 916)
Waardedaling van beleggings en ontasbare bates	(75 718)	-
<b>Netto inkomste uit bedrywighede</b>	1 643	57 373
Aandeel van wins van assosiate	14 017	9 151
<b>Wins voor belasting</b>	15 660	66 524
Inkomstebelastingkoste	(18 027)	(13 607)
<b>(Verlies)/wins vir die jaar uit voortgesette bedrywighede</b>	(2 367)	52 917
Verlies vir die jaar uit beëindigde bedrywighede	(847)	(2 379)
<b>(Verlies)/wins vir die jaar</b>	(3 214)	50 538
Ander omvattende inkomste	-	-
<b>Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar</b>	(3 214)	50 538
<b>Toeskryfbaar aan:</b>		
Ekwiteitshouers van die Maatskappy	(7 413)	34 701
Minderheidsbelang	4 199	15 837
	(3 214)	50 538

### OPENBAARMAKING VAN SLEUTEL BEDRYFSPRESTATIE

	%verandering	Groep	
		2010 R'000	2009 R'000
Inkomste		1 356 331	519 867
Ander inkomste		23 425	8 325
Administrasiekoste en ander koste		(1 251 044)	(478 916)
Netto finansierings(koste)/inkomste		(2 350)	8 097
Finansieringsinkomste		20 251	17 794
Finansieringskoste		(22 601)	(9 697)
<b>Wins uit kernbedrywighede</b>	120	126 362	57 373
Aandeel van wins van assosiate		14 017	9 151
<b>Winste voor koste hieronder uiteengesit</b>		140 379	66 524
Waardedalings, amortisasie en herstruktureringkoste		(124 719)	-
Waardedaling van belegging		(67 313)	-
Waardedaling van ontasbare bates		(8 405)	-
Amortisasie van ontasbare bates		(30 291)	-
Uitdienstellings- en herstruktureringkoste		(18 710)	-
<b>Wins voor belasting</b>		15 660	66 524
Inkomstebelastingkoste		(18 027)	(13 607)
<b>(Verlies)/wins vir die jaar uit beëindigde bedrywighede</b>		(2 367)	52 917
Verlies vir die jaar uit beëindigde bedrywighede		(847)	(2 379)
<b>(Verlies)/wins vir die jaar</b>		(3 214)	50 538

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Groep	
	Geouditeer 2010 R'000	Geouditeer 2009 R'000
<b>BATES</b>		
<b>Nie-bedryfsbates</b>	958 794	1 000 008
Eiendom, aanleg en toerusting	125 311	110 639
Beleggingseiendom	8 543	-
Ontasbare bates	576 438	600 151
Ongenoteerde beleggings	290	280
Belegging in assosiate	69 788	127 435
Belegging in voorkeuraandeel	100 000	100 000
Uitgestelde inkomstebelastingbates	78 434	61 503
<b>Bedryfsbates</b>	216 871	228 411
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	80 123	156 215
Ontvangbare rekeninge vanaf assosiate en gesamentlike onderneming	14 224	6 642
Kontant en kontantekwivalente	122 524	65 554
Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop	-	515 288
<b>Totale bates</b>	1 175 665	1 743 707
<b>EKWITEIT EN LASTE</b>		
Kapitaal en reserwes	620 286	622 021
Uitgereikte kapitaal	389 440	382 528
Voorwaardelike aandeel uitgereik te word	188 540	188 540
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	-	624
Tesourieaandeel	(610)	-
Uitkeerbare reserwes	42 916	50 329
Minderheidsbelange	21 777	31 939
<b>Totale ekwiteit</b>	642 063	653 960
<b>Nie-bedryfslaste</b>	306 575	349 128
Uitgestelde inkomstebelastinglaste	42 443	66 532
Lenings	162 072	160 350
Voorsienings	66 067	79 048
Na-aftrede mediese verpligtinge	3 866	3 930
Voorsiening vir reguitlyhantering van huurkontrakte	32 127	39 268
<b>Bedryfslaste</b>	227 027	318 195
Lenings	-	11 176
Handelskrediteure en voorsienings	126 893	174 169
Belasting	3 224	15 037
Bankoortrekking	7 987	53 661
Werknemervoordeelvoorsienings	88 923	64 152
Nie-bedryfslaste gehou vir verkoop	-	422 424
<b>Totale ekwiteit en laste</b>	1 175 665	1 743 707

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Groep	
	Geouditeer 2010 R'000	Geouditeer 2009 R'000
Saldo op 30 Junie 2009	653 960	212 348
Aandelekapitaaluitgifte	6 912	185 808
Voorwaardelike aandeel uitgereik te word – winswaarborg	-	188 540
Netto (verlies)/wins vir die jaar	(3 214)	50 538
Aandeel van minderhede se belang gekoop	(14 361)	-
Verkryging van filiaal	-	17 953
Tesourieaandeel uitgereik	(610)	-
Dividende betaal	-	(1 851)
Herwaardasie van aandeelgebaseerde betaling – ekwiteitsvereffen	(624)	624
<b>Saldo op 30 Junie 2010</b>	<b>642 063</b>	<b>653 960</b>

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEIESTAAT

	Groep	
	Geouditeer 2010 R'000	Geouditeer 2009 R'000
Netto kontant gegeneer uit bedryfsaktiwiteite	115 834	47 223
Netto kontantuitvloeï uit beleggingsaktiwiteite	(68 554)	(165 667)
Netto kontant(uitvloeï)/invloeï uit finansieringsaktiwiteite	(8 782)	179 225
<b>Netto kontantvloeï uit voortgesette bedrywighede</b>	<b>38 498</b>	<b>60 780</b>
<b>Netto kontantvloeï uit beëindigde bedrywighede</b>	<b>-</b>	<b>9 951</b>
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	38 498	70 731
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	76 039	5 308
<b>Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar</b>	<b>114 537</b>	<b>76 039</b>
<b>Soos volg gerekonsilieer:</b>		
Kontant en kontantekwivalente voorhande	122 524	65 554
Bankoortrekking	(7 987)	(53 661)
Bates gehou vir verkoop	-	64 146
	114 537	76 039

### GETAL AANDELE

	Groep	
	Geouditeer 2010 R'000	Geouditeer 2009 R'000
Getal uitgereikte gewone aandeel	262 432 568	257 999 496
Getal uitgereikte voorkeuraandeel	16 638 000	16 638 000
Geweegde gemiddelde getal gewone aandeel	259 670 381	182 627 122
Geweegde gemiddelde getal gewone aandeel, insluitende gewone aandeel by omskepping van voorkeuraandeel	305 199 704	208 030 900

### SEGMENTELE ONTLEDING

	Geouditeer 2010			Geouditeer 2009		
	Inkomste R'000	Wins voor belasting R'000	Totale bates R'000	Inkomste R'000	Wins voor belasting R'000	Totale bates R'000
Gesondheidsorg administrasie	1 356 331	17 144	836 519	519 867	47 172	1 413 722
Elektronika	-	8 657	-	-	7 597	-
Tesourieaktiwiteite	-	9 034	110 388	-	13 437	110 344
Ander – insluitende tussensegmentuitskakelings	-	(19 175)	228 758	-	(1 682)	219 641
	1 356 331	15 660	1 175 665	519 867	66 524	1 743 707

### REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

	%verandering	Groep	
		Geouditeer 2010 R'000	Geouditeer 2009 R'000
<b>(Verlies)/wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die maatskappy</b>		(7 413)	34 701
Verlies uit beëindigde bedrywighede		847	-
<b>Basiese verdienste</b>		<b>(6 566)</b>	<b>34 701</b>
<i>Aangepas met</i>			
Aandeelhouers vir dividende afgeskryf		(185)	-
Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting		5 020	-
Waardedaling van ontasbare bates		8 405	-
Waardedaling van klandisiewaarde		-	287
Waardedaling van belegging in assosiaat		67 313	-
Minderheidsbelang		4 199	-
Verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		-	154
Verlies uit beëindigde bedrywighede		(847)	1 600
<b>Wesensverdienste</b>	131	<b>77 339</b>	<b>33 542</b>
Basiese (verlies)/verdienste per aandeel (sent) toeskryfbaar aan gewone aandeel		(2,53)	19,00
Verwaterde basiese (verlies)/verdienste per aandeel (sent)		(2,15)	16,68
Wesensverdienste per aandeel (sent) toeskryfbaar aan gewone aandeel	62	<b>29,78</b>	18,37
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	57	<b>25,34</b>	16,12

### INLEIDING

Die direksie bied met genoë die geouditeerde resultate vir die fiskale jaar geëindig 30 Junie 2010 aan.

Suid-Afrikaanse sakeondernemings was nie onaangeraak deur die onbestendige ekonomiese toestande wat wêreld-markte aantans nie. Gedurende die fiskale jaar 2010 het AfroCentric se portefeulje maatskappye op 'n proaktiewe en doelbewuste wyse op hulle markuitdagings gereageer. Hierdie aksies het die sakeondernemings se gesonde kommersiële grondslag bewaar en dit vir AfroCentric moontlik gemaak om 'n bevredigende groeitendens in kernverdienste te handhaaf. Dit blyk vernameklik in die groei in wesensverdienste per aandeel vir die jaar onder oorsig en die groei in bedryfswins van kern-sake-eenheide. Aangesien die beleggingskomitee van die direksie sy voorgeskrewe beleggingsdisipline streng nagekom het, is geen wesentlike beleggings gedurende hierdie afgelepe jaar van onsekerheid goedgekeur nie, want die direksie het verkies om te fokus op leiding aan die bestuur om die prestasie van die sakeondernemings onder hulle bestuur te verbeter en te optimaliseer.

### REKENINGKUNDIGE BELEID EN OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die verkorte gekonsolideerde groep finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2010 is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), Internasionale Rekeningkundige Standaard 34, AC 500-standaarde, soos deur die Rekeningkundige Praktykeraad uitgereik, die Noteringsvereistes van JSE Beperk, en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 61 van 1973, soos gewysig, opgestel. Die verkorte gekonsolideerde groep finansiële state word op die historiesekoste-grondslag opgestel en die rekeningkundige beleid stem ooreen met dié wat vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 ooreenkomstig IFRS toegepas is.

### AARD VAN BESIGHEID

AfroCentric is 'n beleggingsbeheermaatskappy in swart besit; sy vernaamste beleggings is in die privaat-gesondheidsorg-, elektronika-, krag- en kommunikasiebedryf. AfroCentric het ook 'n samewerkingsooreenkoms met Rio Tinto Plc vir mineraalprospekteer- en -eksplorasieprojekte en met Hanwha Corporation van Korea vir die verskaffing en verspreiding van sekere kapitaaltoerusting.

### BEDRYFSOORSIG

In Februarie FJ2009 het AfroCentric 'n beheerende belang in Lethimvula Investments Limited ("LIL") verkry. LIL se voelliaal, Medscheme, is die grootste onafhanklike mediesehulp-administrateur en verskaffer van gesondheidsrisiko-oplossings in swart besit in Suid-Afrika. LIL se prestasie vir die volle jaar het bygedra tot die toename in bedryfswins in AfroCentric tot R126,4 miljoen van R57,4 miljoen in 2009. Hierdie prestasie strook met die kontroeringsondersoek en aandeelhouers word daaraan herinner dat, ingevolge die LIL-verkrygingsooreenkoms, die verkopers van aandeel in LIL winste na belasting vir die jare eindigende 30 Junie 2011, 2012 en 2013 teen gemiddeld R180 miljoen gewaarborg het.

In die Desember 2009 tussentydse verslag het ons sekere beweerde bestuursbreuke deur Medscheme met betrekking tot die Bonitas Mediese Fonds gerapporteer. Sedert daardie datum is 'n brief van Deloitte ontvang wat onder andere verklaar dat enige kommentaar wat vertolk kon gewees het as sou dit op 'n bestuursbreuk dui strydig is met dit wat deur Deloitte in die verslag beoog is. Ons vertrou in Medscheme en sy bestuur word verder gesteun deur die hernuwing van Medscheme se akkreditering deur die Raad op Mediese Skemas, met die "Bonitas Eenheid" wat ISO 9001: 2008-kwaliteitsertifisering ontvang het. Medscheme het ook, vir die tweede agtereenvolgende jaar, die hoogste algehele tellings behaal in al drie medieseskema verwante opnames wat deur PMR.africa gemaak is.

Gedurende die jaar onder oorsig, en in ooreenstemming met sy verklaarde voorneme, het AfroCentric voortgegaan om aandeel te verkry vanaf LIL-aandeelhouers wat hulle aandeel te koop aangebied het. Tot op hede is AfroCentric se aandeelbesit in LIL tot 87,53% (FJ2009: 83,8%) verhoog.

Die prestasie van Jasco Electronics Holdings Limited (Jasco) was minder indrukwekkend en het toeskryfbare verdienste van R8,7 miljoen (FJ2009: R7,6 miljoen) en voorkeurdividende van R8,3 miljoen (FJ2009: R11,4 miljoen) gelewer. Jasco se gediversifiseerde sake-eenheide het hom in staat gestel om regdeur die ekonomiese afswaai winsgewend te bly. Die elektriese en huishoudelike produkte afdelings het in die afgelepe jaar goed gepresteer ná 'n onopvallende prestasie in 2009. Infrastruktuur-afhanklike afdelings, in krag, telekommunikasie en sekuriteit, het die hele jaar uitdagings getrotseer maar sal waarskynlik in ooreenstemming met infrastruktuurbestedingsklusse herstel. AfroCentric se belegging in Jasco Cables-voorkeuraandeel het laer dividendinkomste opgelewer vanweë 'n omgewing van laer rentekoerse gedurende die jaar. Die gedempte prestasie van Jasco se aandeelprys oor die afgelepe jaar het genoodsaak dat die belegging ooreenkomstig IAS36 verswak word.

AfroCentric se eksplorasië- en prospekteerprojekte in samewerking met Rio Tinto Plc maak steeds vordering ingevolge die ooreenkoms vir Wedersydse Strategiese Samewerking. Veral belowend is 'n nikkelprospekteerplek in Noordwes-Provinsie, wat ten opsigte van strekkingslengte en dikte geëvalueer word.

### FINANSIËLE RESULTATE

AfroCentric se wins uit kernbedrywighede het met 120% van R57,4 miljoen in 2009 tot R126,4 miljoen in 2010 toe-geneem. Aandeelhouers word verwys na die AfroCentric-omsendbrief gedateer 27 Februarie 2009 wat aan LIL-aandeelhouers gestuur is. In paragraaf 19 van daardie omsendbrief, onder die hofie "Wesentlike veranderinge", word verwys na die ooreenkoms wat LIL vir die verkryging van Old Mutual Healthcare (Proprietary) Limited ("OMHC") gesluit het en terselfdertyd, maar onafhanklik, die verkoop deur LIL se filiaal, Medscheme Limited, van sy belang in Medscheme Life Assurance Limited aan Old Mutual South Africa Limited. Die reguleringsgoedgekeurings vir hierdie transaksies is nader aan die einde van die finansiële jaar 2009 en gedurende die finansiële jaar 2010 ontvang. Gevolglik word herstrukturering- en uitdiensstellingskoste ooreenkomstig IFRS 3 in die gekonsolideerde inkomstestaat in die finansiële jaar 2010 erken.

Met inagneming van die verwysings na herstrukturering- en uitdiensstellingskoste hierbo en sekere ander amortisasie- en waardedalingskoste in die gewone gang van sake, insluitende die waardasie-teenoor-markprys-aanpassing op die Jasco-belegging, het die Groep se basiese gerapporteerde verdienste per aandeel ("VPA") van 19,00 sent in 2009 tot 'n verlies van 2,53 sent in 2010 gedaal en die verwaterde basiese VPA het van 16,68 sent in 2009 tot 'n verlies van 2,15 sent in 2010 gedaal.

Wesensverdienste per aandeel ("WVPA"), wat sekere waardedalings- en amortisasiekoste wat in die finansiële openbaarmakings volledige beskryf word uitsluit, het egter met 62% van 18,37 sent in 2009 tot 29,78 sent in 2010 toegeneem. 'n Soortgelyke patroon word gesien in die verwaterde WVPA, wat met 57% van 16,12 sent in 2009 tot 25,34 sent in 2010 toegeneem het.

### VOORUITSIGTE

Die direksie is tevrede met AfroCentric se vordering vir die afgelepe jaar en die Groep se gesonde platform vir toekomstige verdienste. Gedurende die afgelepe drie maande het 'n groter mate van sakevertroue in Suid-Afrika begin posvat en die beleggingskomitee van die direksie sal voortgaan om nuwe beleggings-proposisies wat hulle voordoen, te oorweeg.

Hoewel die tendense bemoedigend is, is dit te vroeg om te oordeel of die groei in verdienste en die winswaarborgdempels in die LIL-verkryging gehaal sal word. Intussen gaan LIL voort om sterk handel te dryf in ooreenstemming met ons ramings en verwagtinge ten tyde van verkryging.

### DIREKTEURE

Die direksie van AfroCentric het dr Anna Mokgokong en mnr Joe Madungandaba in 2010 as nie-uitvoerende direkteure aangestel. Dr Mokgokong en mnr Madungandaba is suksesvolle entrepreneurs wat Community Investment Holdings, 'n groot aandeelhouer van AfroCentric, verteenwoordig. Hulle gewaardeerde insluiting in die direksie van AfroCentric sal strategiese denke en leiding verhoog, veral wat die oorweging van toekomstige SEB-transaksies betref. Mnr Wallace Holmes is as finansiële direkteur aangestel en neem dié verantwoordelijkheid oor by mnr Michael Sacks, wat voortgaan om as sekretaris, 'n nie-uitvoerende direkteur en 'n lid van die beleggingskomitee van die direksie te dien. Me Nomhle Canca, professor Derek Swartz en mnr Mandla Gantsho het in 2010 uit die direksie bedank. Die direkteure betuig hulle dank vir hulle bydrae tot AfroCentric se ontwikkeling en sukses sedert sy ontstaan.

### UITKERINGS

Die direksie het die Groep se eerste uitkering in die vorm van 'n kapitaalvermindering uit aandeelpremie van 7,5 sent per gewone aandeel voorgestel, onderworpe aan aandeelhouers se goedkeuring op die algemene jaarvergadering. Voorkeuraandeelhouers deel in uitkerings op die grondslag dat hulle geregtig is op 15% van die totale uitkering betaalbaar aan voorkeur- en gewone aandeelhouers. Al die belangrike datums en tye vir die gewone aandeel en die voorkeuraandeel sal aangekondig word sodra die algemene jaarvergadering gehou is en aandeelhouers se goedkeuring verleen is.

### ODITEURSVERSLAG

Die ouditeure, SizweNtsaluba VSP, het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik en 'n afskrif is by die Maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Op las van die direksie

**MI Sacks** CA(SA), AICPA(ISR)

Maatskappysekretaris